

**SONDAG 3 AUG 2003**  
**NG KERK POTCHEFSTROOM-SUID**  
**JEUG-AANDDIENS**

**LITURGIE**

| <b><u>WIE</u></b> | <b><u>WAT</u></b> | <b><u>DETAIL</u></b>   | <b><u>BORD/MUSIEK</u></b> |
|-------------------|-------------------|--|---------------------------|
|                   | Lof-en-aanbidding | Fil 4:4<br>Ek weet, ek weet verseker<br>My life is in You<br>Here Jesus U skyn<br>I want to praise You Lord<br>Give thanks & Ons dank U Heer<br>Lord I lift Your name<br>JG44 "Soos 'n wildsbok & As the deer" |                           |
|                   | Gebed             |  |                           |
| Liturg            | Skriflesing       | 1 Sam 28<br>Mark 13:1-8  | Skrif                     |
| Liturg            | Preek             | Wie kan die toekoms lees?  | Skrif                     |
| Almal             | Gebede            |  |                           |
| Diakens           | Offergawe         |  |                           |
| Liturg            | Afkondigings      |  | Afkondig                  |
| Hannes            | Liedere           | JR28:1-3 "Ek was eensaam en verlaat" (1-3)<br>"Is die toekoms blink of duister?" (Melodie HL444)   |                           |
|                   | Seën              |  |                           |

# PREEKSKETS

## INLEIDING

Dit is nou omtrent \*\*19:00.

Sondag 3 Aug 2003.

- Daar is miljoene boeke geskryf oor alles wat tot op hierdie oomblik gebeur het.
- Ensiklopedeë.
- Annale.
- Geskiedkundige werke.
- Koerante.
- Tydskrifte.
- Die dinge wat op hierdie oomblik gebeur, kan jy oor 'n paar minute al op die internet lees.
- Dis geskiedenis.

Maar weet julle wat?

- Niemand weet wat vanaand om 19:15 gaan gebeur nie.
- Of more: 4 Aug 2003
- Of volgende week...
- Of volgende jaar.

Alles wat verby is, is bekend.

Maar alles wat voorlê, is heeltemal onbekend.

Ons het in die skool geleer...

- In Afrikaans is daar 3 tye: verlede, hede en toekoms.
- Die verlede is verby
  - Ons almal ken dit.
  - En daarom is ons nie bang daarvoor nie.
  - Want ons weet klaar wat het gebeur.
- Die hede is dit wat nou op hierdie oomblik gebeur.
  - En daarom is dit ook aan ons bekend.
- En die toekoms?
  - Ons het nie 'n idee wat dit inhou nie.
  - Dis soos om voor 'n deur te staan wat niemand nog ooit oopgemaak het nie.
    - Niemand was nog ooit aan die anderkant nie.
    - Niemand weet wat gebeur daar aan die anderkant nie.
  - Jy het nie 'n clue wat wat aan die anderkant nie.

En hoe graag wil ons nie partykeer weet wat wag anderkant daardie deur nie!

Hoe graag wil mense nie wat voorlê nie!

- Party mense sal enige iets gee en enige bedrag betaal om te weet hoe lyk die toekoms.
  - Met wie gaan ek eendag trou?
  - Gaan ons kinders hê? Hoeveel?
  - Gaan ek ryk of arm wees, siek of gesond?
  - Hoe lank gaan ek lewe?
  - Op watter manier gaan ek sterf?
  - Hoe lank gaan my ouers lewe?
  - Wat gaan word van ons land?
  - Gaan ek eendag 'n werk kry?

Daar is so 'n ou lied wat ons oupas en oumas geluister het:

*“When I was just a little girl  
I asked my mother: what will I be?  
Will I be pretty? Will I be rich?”*

Hoekom wil mense dit so graag weet?

- Ek dink ek weet hoekom.
- Want as hulle weet, kan hulle betyds voorsiening maak.
  - As ek weet ek gaan more dood, kan ek vandag my lewe regmaak.
  - As ek weet ek gaan Maandag in 'n ongeluk kom, kan ek Maandag nie my voete uit die huis uit sit nie.
  - As ek weet met wie gaan ek eendag trou, kan ek nou al begin soek na hom..
  - As ek weet ek gaan eendag 'n goeie werk hê, sal ek nou al baie harder werk in die skool...

Toe ek en Tersia in Pretoria gewoon het...

- het ek een oujaarsnag wakker geword en gehoor hoe sy huil.
- En ek vra vir haar wat is fout?
- En weet julle wat sê sy?
- Sy sê sy het 'n verskriklike droom gehad: Sy het gedroom ek verdrink die volgende dag.
- Sjoe!
- Ek het haar gekalmeer en vir haar gesê dis net 'n nare ou droom en sy moet haar nie daaraan steur nie.
- En ten einde laaste het sy weer aan die slaap geraak.
- Maar weet julle wat?
- Toe kan ek nie weer slaap nie.
- Want ons plan was om die volgende dag (nuwejaarsdag) by my ma-hulle se huis te gaan swem.
- En nou het Tersia gedroom ek verdrink die volgende dag.
- Ek het seker vir 'n uur wakker gelê.
- En daai volgende dag het ek net op die trappie van die swembad gesit.

Want as ons 'n idee het hoe die toekoms lyk - kan ons voorsiening maak.

En daarom dat mense alles sal doen om die toekoms te weet.

## **POGINGS OM DIE TOEKOMS TE KEN**

Daar is vandag 'n verskeidenheid van “bronne” oor die toekoms.

- Plekke waarheen mense gaan om die toekoms te “lees”

So week gelede kom ek by my een belydenisklas.

- En hulle wil toe my hande sien.
- En raai wat sê hulle:
  - Hulle sien ek gaan baie ryk word.
  - En hulle sien baie “flirts” op my pad.

Dit was net 'n grap en ek waardeer dit.

Maar weet julle: daar is mense wat werklik glo dat jy die toekoms kan lees in iemand se handpalm.

Daar is mense wat glo jy kan die toekoms lees in die teeblare in iemand se koppie.

- Vergewe my: maar ek is nie so bygelowig nie.

Die algemeenste is seker 'n fortuinverteller.

- Daar is talle woorde wat verband hou met hierdie woord.
  - sieners

- waarseërs
- “Psychics”
- Dis almal mense wat aanspraak maak daarop dat hulle die toekoms kan lees.
- Ons kan sien wat gebeur agter daardie deur waar niemand nog ooit was nie.

En hulle gebruik verskillende middele om die toekoms te lees:

- Gebruik van Tarot-kaarte (78 kaarte)
- “Clairvoyance” (heldersiendheid)
- Vertel van lewensverhaal
- Gebruik van “Runestones” (25 simbole gedruk op klip of gesteentes)
- Optree as “medium tussen verskillende wêrelde”
  - Bybel praat van ‘n dodebesweerder (1 Sam 28:7)
- Astrologie (Astrological Birth Chart) (Voorstelling van sterreheemel ten tye van geboorte)

En elkeen van hierdie middele word gebruik om ietsie oor die toekoms te wete te kom.

- En dis gelukkig nie my werk om vir julle die detail hiervan te vertel nie.
- En ek hoop julle julle probeer nooit om te veel hiervan te weet nie.

Maar die groot probleem vandag is: jy kry dit orals:

- Baie van julle het al die die fortuinverteller se karavaan langs die pad gesien staan.
- (Gewoonlik op die hoek van Mooirivier en Retiefstraat)
- En jy kry die voorspellings in die Huisgenoot.
- En daar is duisende en duisende bladsye op die internet waar jy jou toekoms kan laat lees.

Die ou mense sal natuurlik sê: Waar gaan ons wêreld heen.

- Maar weet julle: hierdie dinge is so oud soos die berge.
- Dis nie ‘n nuwe ding nie.

Jare gelede, toe die volk uit Egipte getrek het...

- Hulle het mos eers vir ‘n paar jaar deur die woestyn getrek.
  - Want hulle het dieselfde probleem as ons gehad.
  - Hulle het nie altyd gedoen wat die Here sê hulle moet doen nie.
  - Daarom het die Here hulle gestraf en hulle trek ‘n bietjie langer gemaak.
- En daar in die woestyn het die Here vir hulle Sy wette en reëls gegee wat hulle in die nuwe land moes gaan doen.
- En dan sê Hy vir die volk:
 

*Lev 19:31 “Moenie hulp soek by geeste of waarseëers nie. Dit sal julle onrein maak. Ek is die Here julle God.”*

*Lev 20:6 “Enige iemand wat aan My ontrou is deur hulp te soek by geeste of waarsêers, teen hom sal Ek optree. Ek sal hom van sy volksgenote afsny.”*

- Duisende jare gelede was daar al ...
  - fortuinvertellers
  - en waarsêers
  - en geeste
- Dis nie iets nuuts nie.
- En duisende jare gelede het die Here al met Sy volk gepraat en vir hulle gesê:
  - Jy mag hulle nie gaan raadpleeg nie.
  - Dis nie sommer net ‘n onskuldige pret nie.
  - Dis nie sommer net nuuskierigheid nie.
  - Dis sonde.

- Dis ontrouheid aan God.
- Dit maak jou “onrein”
- En weet jy wat beteken die woord “onrein”?
  - “vuil”
  - “besmet”
  - “vieslik”

Dis nie die plek vir ‘n kind van die Here nie.

- En die Here waarsku jou: bly weg van sulke goed af.

Natuurlik moet ‘n mens die vraag vra: Kan hulle regtig die toekoms lees?

En dis ‘n belangrike vraag:

- Want as hulle die toekoms kan lees: hoekom mag ‘n mens nie na hulle toe gaan nie?
- Of mag ons nie hulle toe gaan nie, omdat hulle nie regtig die toekoms kan lees nie?

## **KAN HULLE REGTIG DIE TOEKOMS KEN?**

In die Keur van **\*\*Jul 2003** was daar ‘n uitstekende artikel.

- Die verslaggewer van die Keur het na 3 verskillende fortuinvertellers gegaan.
- Sy eerste besoek was aan ‘n vrou.
- Sy tweede besoek was aan ‘n man.
- Sy derde besoek was weer aan ‘n vrou.
- Die eerste vrou het afgelei dat hy nie ‘n werk het nie en toe vorospel sy dat hy ‘n werk gaan kry.
  - Sy aansoek om ‘n betrekking sal suksesvol wees.
  - Wat sy nie geweet het nie, is dat hy reeds ‘n werk het.
  - Hy het nie eers aansoek gedoen vir ‘n ander werk nie.
- Die tweede fortuinverteller (man) het gesê hy sien dat hierdie man oor groot waters gaan.
  - ‘n oorsese reis.
- Die derde fortuinverteller het weer iets totaal ander voorspel.

Wat interessant is:

- As hulle regtig die toekoms kan sien, hoekom sien hulle verskillende dinge?
- En die tweede vraag: Hoekom het nie een van hulle raakgesien dat hierdie man op die punt staan om ‘n groot operasie te ondergaan nie?

Het hulle regtig die toekoms gesien?

Of het hulle elkeen ‘n goeie raaiskoot gewaag?

In die Bybel is daar ‘n ongelooflike verhaal (1 Sam 28)

- Saul was die koning van Israel.
- En daar het weer oorlog uitgebreek.
- Die Filistyne het met hulle massiewe armies opgetrek en gereed gemaak om Saul aan te val.
- En Saul het baie bang geword.
- En toe skielik het hy weer raad gesoek by die Here.
  - Dis darem amazing hoe ‘n mens skielik weer kan bid as jy in die knyp is.
    - As daar moeilikheid is, dan ‘n bid ‘n mens skielik weer.
    - Dan moet die Here net regstaan om te help.
    - Daardie oggend voor die eksamen.
    - Wanneer jy daar voor die hoof se kantoor staan.
    - Dan moet die Here net help!
  - En daardie dag het Saul skielik weer geroep na die Here.
  - Maar die Here het besluit om nie te antwoord nie.
    - Daar is tye wat God stilbly omdat Hy nie wil antwoord nie.

- Omdat Hy nie net 'n spaarwiel wil wees nie.
- Hy wil nie net 'n nood-God wees nie.
- Hy wil nie net 'n skietgebed-God wees nie.
- Hy wil ALLES wees!
- En toe die Here nie antwoord nie, was Saul rasend.
  - Want hy wil eers weet wat gaan gebeur.
  - As hulle die oorlog gaan wen, sal hy gaan veg.
  - Maar as hy weet hulle gaan verloor, gaan hy solank begin hardloop.
  - Jy sien: as 'n mens die toekoms weet kan jy voorsiening maak!
- En toe maak Saul 'n plan:
  - Hy gaan na 'n dodebesweerder in En-dor.
  - Ek het netnou vir julle gesê daar is verskillende middele waarmee fortuinvertellers die toekoms probeer uitlê.
  - Een daarvan is om op te tree as medium / tussenganger tussen verskillende wêrelde.
  - En dis wat hierdie vrou goed kon doen.
  - As jy onseker was oor die toekoms en jy wou iemand oproep wat al dood is, kon jy na haar toe gaan en sy roep daai persoon of gees vir jou op..
- Sy was bekend daarvoor.
- Sy kon die toekoms baie akkuraat voorspel omdat sy die vermoë gehad het om dooies op te roep.
- En Saul het haar gaan vra om vir die profeet Samuel op te roep.

Saul was natuurlik baie slim gewees:

- Hy het voorheen al die fortuinvertellers in die land verbied.
- En nou kan hy nie na haar toe gaan nie - want sy sal weet hy is die koning.
- En netnou haal dit die Rapport.
- Daarom het Saul homself vermom.
  - Ander klere aangetrek.
  - En laatnag soontoe gegaan.
    - Het julle al agtergekom dat mense meeste slegte goed in die donker doen?
    - Dis die tyd wat die meeste inbrake plaasvind.
    - Dis die tyd wat die meeste onkuisheid plaasvind.
    - Dis ook die tyd dat die “manne van God” skelm na die fortuinvertellers toe sluip.
    - Is dit nie 'n skande nie?

Hierdie vrou het begin om vir Samuel op te roep.

- En die interessante ding gebeur nou: Samuel het verskyn.
- Sy sien hoe 'n ou man met 'n mantel aan van 'n ander wêreld af kom.
- En toe?
- Toe skrik sy haar boeglam.
  - Hoekom het sy geskrik?
  - Sy roep dan elke dag dooies op en praat elke dag met die geeste?
  - Hoekom skrik sy dan?
  - Ek wil 'n raiskoot waag:
    - Want dis die eerste keer dat iemand regtig verskyn.
    - En sy het hom nie laat verskyn nie.
    - God het hom laat verskyn.
    - En sy doen al jare hierdie werk - maar vir die eerste keer in haar lewe verskyn iemand regtig.
    - En ek sou my ook doodgeskrik het en begin skreeu het.
  - God alleen kan dit laat gebeur.

- En Hy laat dit nie sommer gebeur nie.
- Maar Hy het dit om een rede laat gebeur.
- Sodat Samuel vir Saul kon sê dat God hom baie hard gaan straf hieroor.
- “More gaan jy en jou seuns by my wees” sê Samuel.
- “Julle dae is getel”.
- Jy het gedink niemand sien jou as jy jy jou vermom en laatnag na ‘n fortuinverteller toe kom nie.
  - God het dit gesien.
  - En Hy gaan jou straf.
  - Jy gaan met jou lewe betaal daarvoor.

Hoe verskriklik moet dit nie wees om skielik die toekoms te ken nie.

- Om te hoor dat jy more gaan sterf.
- Om te hoor dat God Sy oordeel oro jou voltrek.

Hoe verskriklik wanneer jy ‘n bietjie raad van ‘n tannie in ‘n karavaan verwag, en jy loop jou vas in die oordeel van God.

- Ek dink Saul kon sy hare uit sy kop uit trek dat hy ooit soontoe gegaan het.

## **GOD EN DIE TOEKOMS**

Jy sien daar is eintlik net EEN wat die toekoms ken.

- Daar is baie mense wat maak of hulle die toekoms kan sien.
- En soms is hulle reg.
- Maar baie keer is hulle verkeerd.
- Daar is net EEN wat die toekoms ken: GOD
  - Dis Hy wat ‘n stukkie van die toekoms aan die Farao bekend gemaak het.
  - Hy het vir Josef die drome laat uitlê.
  - Hy het ‘n stukkie van die toekoms bekend gemaak aan Josef.
  - Dis Hy wat ‘n stukkie van die toekoms aan koning Nebukadneser bekend gemaak het.
  - Hy het vir Daniël wysheid gegee om die drome van die koning uit te lê.
- En as daar iets is wat Hy wil hê ek moet weet oor die toekoms, dan sal Hy dit op een of ander manier aan my bekendmaak.
  - ‘n Voorgevoel
  - ‘n Droom
  - ‘n Teksgedeelte
- Hy het aan Josef verskyn in ‘n droom en gesê hy en Maria moet vlug na Egipte.

Hy sal aan jou bekendmaak wat vir jou nodig is om te weet.

En dit wat Hy nie aan jou bekendmaak nie, hoef jy nie te weet nie.

Hy wil nie hê jy moet dit weet nie.

- Hy wil hê jy moet Hom vertrou met die toekoms.
- Hy ken die toekoms en Hy gaan saam met jou.
- So waarvoor moet jy bang wees?

Op ‘n stadium het die dissipels probeer om ‘n stukkie van die toekoms te ontrafel: Markus 13:1-8

- Here, wanneer gaan die tempel vernietig word?
- Wanneer gaan alles afgebreek word?
- Want as ons weet kan ons begin voorsiening maak.
- Dan kan ons dit dalk keer.
- Of ons kan betyds vlug uit Jerusalem.
- “Sê vir ons Here, wanneer sal dit gebeur en wat sal die tekens wees wanneer dit alles voleindig gaan word?”

Raai wat antwoord Jesus:

- “Pasop dat niemand julle mislei nie!” (V5)
- Pasop vir die goedkoop profesieë en voorspellings van mense!

En al wat Jesus doen is om ‘n klomp tekens van die laaste tye te noem.

- En dis genoeg.
- Dis al wat hulle moet weet.

Die toekoms is in God se hande.

- Hy alleen ken die toekoms.
- Die toekoms is nie iewers weggesteek in ‘n mens se handpalm nie.
- Die toekoms is nie iewers te lees in teeblare of die rangskikking van sterre nie.
- Die toekoms lê nie opgesluit in ‘n glasbal nie.
- Jy kan die toekoms nie uitpak met Tarot-kaarte nie.

Die toekoms is in God se hande.

Hy alleen weet hoe dit sal lyk.

Hy wil nie hê jy moet weet nie.

- Maak vandag ‘n keuse om Hom te vertrou met jou toekoms.
- Neem vandag ‘n besluit om nooit na ‘n fortuinverteller te gaan nie.
- Bly weg van spiritiste.
- Hou op om jou toekoms in teeblare te lees.
- Moenie antwoorde soek in jou handpalms nie - die antwoorde lê in iemand anders se handpalms.
  - Spykergate
  - Gekruisigde hande.
- Vertrou God met jou toekoms.
- En weet jy wat sê HY:

*Jer 29:11 “Ek weet wat Ek vir julle beplan: voorspoed, nie teenspoed nie! Ek wil vir julle ‘n toekoms gee”*